

Charter voiced the same sentiment that South Africa belonged to all its peoples and made the phrase its own.

The great value of Butler's books lies in the portrayal of a town grappling with numerous issues for which there were few if any simple solutions. The resources were far too limited and the choices too few. Although no one identified it at the time the finding of constructive solutions was impeded by an electoral system that did not reward parties and leaders seeking moderate solutions and broad-based economic growth.

Jeffrey Butler was the ideal person to write this history of his hometown. The book illuminates the quality that made Butler such a unique person, colleague and historian: compassion. Richard Elphick in cooperation with Jeannette Hopkins have performed a magnificent service in editing and abridging the manuscript in such a way that it now stands as the best model of the kind of history of a town that our complex society truly needs.

*Ralph Haynes: Godfather van die Wes-Rand*

**(Kaapstad: Penguin Random House, 2018, 171pp. ISBN: 9781776092734)**

**Izak Du Plessis**

Emile C Coetzee

*Noordwes-Universiteit, Mahikeng kampus*

24117889@nwu.ac.za

Ralph Haynes was 'n bekende Suid-Afrikaanse misdaadsfiguur uit die Wes-Rand. Hy is veral bekend vir die lang lys van misdade waarby hy betrokke was. Vandaar die waarskynlik motivering vir die boek oor *Ralph Haynes: Godfather van die Wes-Rand* deur Izak Du Plessis.

*Ralph Haynes...* is nie Du Plessis se eerste publikasie nie. Eintlik vloe hierdie boek uit die laaste hoofstuk van sy vorige boek getiteld *Boereverneukers*.<sup>15</sup> Du Plessis argumenteer dat Haynes 'n soort "Godfather" figuur van die Wes-Rand was wat 'n ondergrondse, georganiseerde misdaadstruktuur saam met ander ondergrondse misdaadsfigure bestuur het. Hul hoofdoel was om

---

15 I Du Plessis, *Boereverneukers Afrikaanse swendelaars, swierbolle en swerkaters* (Penguin Random House, Kaapstad, 2017).

beplande “knocks” op ander sakemanne of sakevroue uit te oefen. Wanneer hierdie sakemanne of-vroue ’n spesifieke produk of diens wou hê het Haynes en sy trawante hulle geswendel deur groot beloftes oor die produk of diens te maak, en dan niks te lewer nie wanneer die betaling vir die produk of diens gemaak is. Indien enige persoon by die polisie wou gaan kla oor Haynes se bedrog was hulle geïntimideer en selfs met die dood gedreig. Dit blyk ook dat Haynes sekere polisiemanne aan sy kant gehad het deur middel van omkoopgeld.

Haynes se kinderjare as ’n arm seun wat in Randfontein groot geword het, word kortliks in die derde hoofstuk beskryf. Hy het nooit skool klaar gemaak nie en dit lyk nie of hy enige ambag gaan leer het nie. Haynes het glo van kindsbeen af geleer hoe om intimidasie te gebruik om sy sin te kry en hoe om sy sjarme te gebruik om naïewe mense uit hul geld te rokkel. Volgens Du Plessis het Haynes een doel in die lewe gehad: Om nooit weer arm te wees nie. Armoede lewer ’n dryfveer vir enige persoon om hulself te verbeter. Gewoonlik word dit gedoen deur ’n hoër amp te bekom met tersiêre opleiding, jarelange diens of die bou van ’n suksesvolle besigheid. Dit was nie Haynes se plan nie. Nadat die enigste manlike figuur wat ’n positiewe rol in sy lewe gespeel het, ene Gideon van Niekerk (ook bekend as Lama), deur ’n polisieman, voor ’n 13-jarige Haynes, doodgeskiet is, het dit Haynes verder vasberade gemaak om nie verder te sukkel nie en om vinnig ryk te word (al moes dit deur misdade gedoen word).

Sy lewe as ’n bendelid en “Godfather” figuur het vir hom weelde en rykdom gebring maar dit het glo teen 2011 te veel vir hom geword en hy het spoorloos verdwyn.<sup>16</sup> Dit is nie duidelik wat presies met Haynes gebeur het nie. Sommige mense glo dat Haynes steeds lewe, en net iewers skuil. Ander weer glo dat Haynes vermoor is. Wat moontlik met die “Godfather” van die Wes-Rand gebeur het, kan ’n ieder en elk net oor bespiegel. Uit Du Plessis se weergawe van *Ralph Haynes...* het Haynes se jarelange swendelary, intimidasie en afpersing hom teen einde-2010 ingehaal. Du Plessis vertel dat te veel mense Haynes wou sien val. Haynes is beskou as ’n gevaarlike man onder die gevaarlikes en teen die laat-20ste eeu as een van die mees onwelkome misdaadpersoonlikhede in die Wes-Rand.

---

16 ’n “Godfather” figuur binne-in misdaadskringe kan basies gedefinieer word as iemand met uitvoerende gesag binne-in die gesagstruktuur van ’n misdaadorganisasie. Goedkeuring vir enige beplande misdaad moet eers by die “Godfather” verkry word indien die beplanning nie van die Godfather self kom nie. So’n persoon lewer ook beskerming aan sy lojale vriende, familieleden en organisasieleden. Hy maak ook seker hulle word goed vir hul dienste betaal.

Du Plessis verwys na sekere van hierdie gevaarlike mense in sy boek. Dawie Lötter, Mannetjies Geyster, Charlie Landman, Gert Marais, Corrie Goosen, Frikkie Lutzkie en Ferdi Barnard (wie David Webster en Mark Francis vermoor het) het Haynes geken en het saam met hom of as gevolg van hom misdade gepleeg. Dit is ook insiggewend om te lees van die Haynes vriendskappe met bekendes in Afrikaanse-geledere, soos die bekende sanger en akteur Steve Hofmeyr en die gewese Springbok rugbyheld Joost van der Westhuizen aan wie Haynes glo geld geleen het. Blykbaar was spoggerige partytjies met 'n oorvloed van drank en dwelms gereeld by sy spoghuis in Chancliff, Krugersdorp, gehou. Haynes se laaste jare in lewe as die "Godfather" wil laat deurskemer dat Haynes sy vrees vir armoede bes moontlik oorwin het.

Elke "Godfather" figuur het sy eie "Domina", sy vrou wat by hom staan en nie enige iets sal verklik nie al loots die polisie 'n klopjag op hul huis. In hierdie geval is die Domina: Jacky Haynes. Haar verhouding met Haynes word in die sewende hoofstuk bespreek. Ralph het haar ontmoet by haar vorige man se paneelkloppers en toe sy hom los vir Ralph, het sy stelselmatig verander in die blonde diva wat Ralph wou gehad het. Volgens Du Plessis is Jacky hoogs-intelligent. Sy het die spel waarin Hayes as't ware 'n hoofrol gespeel het goed verstaan en as resultaat het sy 'n elite lewenstyl saam met Haynes geniet wat teen 2010 inmekaar gestort het. Du Plessis eindig nege uit die tien hoofstukke met uittreksels van Jacky se dagboek (en ook Ralph se kort briefies aan Jacky) wat haar geloof, vrese, geluk, brokkies intimiteit met Haynes en angstigheids aandui.

In *Ralph Haynes...* is verwys na ander interessante, maar onbekende misdaad-sake wat in die toekoms verdere aandag behoort te kry. Hieronder tel die moord op Charl Marais en die raaisels rondom Enoch Mazibuko en Phillip Thabane. Du Plessis se boek verduidelik ook kortliks hoe die motorfietsklub van Mannetjies Geyster, genoem die Macs, gefunksioneer het: 'n navorsingsterrein van 'n ander aard, wat selfs aansluiting kan vind by navorsing oor persoonlike beskermingsdienste. Du Plessis se studie oor Ralph Haynes... is omvattend. Verskillende sake waarby Ralph Haynes betrokke was, is bondig bespreek en dui aan die leser die motief en *modus operandi* van elke saak. Du Plessis se moeite gedoen om die inligting te versamel, is duidelik. Etlike onderhoude is gevoer met kern kennis van Heyns, naamlik Jacky Haynes, Luke Enslin, Peet Viljoen en (die "gevreese") Dawie Lötter. Die afwesigheid van 'n bibliografie is een van die grootste leemtes in *Ralph Haynes....* Tog sal hierdie boek se waarde vir Suid-

Afrikaanse misdaadhistorici en selfs kriminoloë verhoog soos wat die jare ná Haynes se verdwyning dekades en eeue word.

*Jan Smuts: Son of the veld, pilgrim of the world*

**(Protea Book House, Pretoria, 2019, 571 pp. ISBN: 978-1-4853-0816-4)**

**Kobus du Pisani, Dan Kriek, and Chris de Jager**

Piet Croucamp  
*North-West University*  
piet.croucamp@nwu.ac.za

Jan Smuts: Son of the veld, pilgrim of the world, is undoubtedly a pervasive and comprehensive review of the life and times of Jan Smuts (1870-1950). The primary question, however, is whether it is indeed a reappraisal of Jan Smuts the scholar, politician, and militarist as suggested by the sub-title. Reappraisal implies that a new, contending interpretative narrative is juxtaposed with previous knowledge. As a scholarly endeavour, a reappraisal insists on adding the continuity of time to interpretation. Events and narratives are filtered through the confluence between new knowledge and interpretation. It cannot merely be a complete review of an existing narrative.

The book is divided into four themes. The first theme, written by Ockert Geyser, Pieter du Toit, Dalene Heyns, Hennie Pieterse, and Bronwyn Strydom, deals with Smuts the intellectual. A remarkable diversity of scholarly disciplines, which include botany, evolution, archaeology, religion, and literature, inspired the academic curiosity of Smuts. The second theme deals with the military career of Jan Smuts. Fransjohan Pretorius and André Wessels interpret the evolution of Smuts' role in three wars as a natural intellectual progression from republican to political reconciler, and eventually as an international statesman and vocal supporter of the British Empire. The third theme of seven essays authored by Gert van den Bergh, Kobus du Pisani, Pieter Labuschagne, Dan Kriek, Ockert Geyser, At van Wyk and HDG Viljoen reviews the party political contests of the time, as well as Smuts' role as prime minister of South Africa. The final theme authored by James Barber, Dan Kriek, Christof Heyns, Willem Gravett and Deon Geldenhuys deals with Smuts in the international political arena and the strategic role he played through war and peace.